**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 6** **Afrikaans Huistaal** **November 2024**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Kortverhaal:** Vriendskap is sterker as wrede woorde

1 Terwyl Martie die eerste, beste T-hempie oor haar kop trek en ’n paar gemaklike *jeans* aantrek, hoop sy dat sy betyds by die hospitaal sal wees. Hulle het haar gekontak en gesê dat Zeldie aanhoudend na haar vra.

2 Sal sy ooit daardie dag vergeet toe Zeldie vir Zak by die gimnasium gesê het dat hy sy ry moes kry en haar vriendin moes uitlos toe hy haar speels gesoen het. Zeldie het vir Zak gesê dat hy nie moet dink dat hy met haar vriendin kan mors soos hy met al die ander meisies doen nie. “Los vir Martie. Jy is ’n regte *player*. Al wat jy goed kan doen, is om meisies se harte te breek. Al die meisies val nie vir jou *six pack* nie.” Sy was woedend dat Zeldie dit gedoen het.

3 “Is dit nou werklik so ’n groot sonde as hy my gesoen het? So terloops, jy is net jaloers omdat hy nie vir jou gesoen het nie. Nee man, trek nou daardie groen baadjie uit. Gaan eerder op ’n streng dieet sodat seuns ook in jou kan belangstel.”

4 In haar haas om die eerste, beste taxi te haal, besef sy vir die eerste keer dat haar vriendin net na haar belange omgesien het en haar wou beskerm. Sy besef ook dat haar wrede, ongevraagde woorde soos ’n dolk in Zeldie se hart moes steek.

5 Martie stop die noot in die taxibestuurder se hand en sê dat hy die kleingeld maar kan hou. Daar’s nie tyd om nog vir kleingeld te wag nie.

6 Sy hardloop die trappe op na die intensiewe eenheid. Sy storm die intensiewe eenheid binne en hardloop na die diensstasie. Die suster aan diens neem haar na Zeldie se bed. Daar is ’n gordyn om die bed getrek. Dis of haar keel toetrek. Sê nou maar sy is te laat? Die trane vloei vrylik oor haar wange. Die suster plaas haar hand op haar skouer en deel haar mee dat sy haar vriendin kan sien, sodra die dokter haar klaar ondersoek het.

7 Die dokter wink haar nader. Hy sê dat sy slegs vyf minute kan vertoef, aangesien Zeldie soveel moontlik moet rus. Sal sy ooit die opheldering in Zeldie se oë vergeet

toe sy haar sien? Sy gryp Zeldie se hand en stotter: “Ek is vreeslik jammer…” “Sjuut. Alles water onderdeur die brug. Ek is net bly jy is hier by my. Dis vir my genoeg.”

**Hardoplees:** Vriendskap is sterker as wrede woorde

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | | | | **/15** |

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Nuusberig:** Gemeenskap geruk na plaasaanval

Pieter Swanepoel *Die Volksblad*, 10 Mei 2024

1 BULTFONTEIN – Die bejaarde Swiegers-egpaar is gistermiddag om 17:00 op hul familieplaas, Rooi Koppies, in die distrik van Bultfontein, deur twee gewapende mans aangeval.

2 Volgens Sersant Barkhuizen het Jimmy Kleinhans, ’n plaasarbeider op Rooi Koppies, hulle gistermiddag om 17:00 op sy selfoon gekontak en hulle na die plaas ontbied. Sersant Barkhuizen en Konstabel Muller het dadelik na Rooi Koppies, 15 kilometer buite Bultfontein, gery. Jimmy het hul reeds by die plaashek by die grootpad ingewag.

3 “Ek het onraad vermoed toe ek die honde hoor blaf. Ek het dadelik na die plaashuis gegaan, maar niemand daar aangetref nie,” het Jimmy gesê.

4 Nadat Sersant Barkhuizen en Konstabel Muller die plaashuis gefynkam het en niemand daar gevind het nie, het hulle skuur toe gery. Daar was geen teken van die egpaar nie. Hulle het in die rigting van ’n tjankende worshondjie gestap. Daar het hulle vir mevrou Swiegers gebukkend oor haar man se bebloede liggaam aangetref.

5 “Toe ek die honde hoor blaf en my man nog nie tuis was nie, het ek onraad vermoed. Hy kom gewoonlik om 16:00 vir ’n koppie koffie huis toe. Maar nie vandag nie. Ek wou gaan kyk of sy bakkie by die skuur is, toe ek twee mans met my man se bakkie sien wegjaag.”

6 Nadat hulle meneer Swiegers veilig by die huis besorg het, het hy net geprewel: “Ek kon nie hul gesigte sien nie. Elkeen van hulle het ’n balaklawa oor sy kop gehad. Nadat hulle my met ’n skerp voorwerp oor die kop geslaan het en my herhaaldelik in die ribbes geskop het, het hulle my selfoon afgeneem. Ook het hulle my gebied om die bakkie se sleutel aan hulle te oorhandig. Aanvanklik wou ek nie, totdat hulle ’n pistool op my gerig het. Daarna het hulle met die bakkie weggery. Ek was te swak om hulle te probeer keer.”

7 Die gemeenskap van Bultfontein is geruk na die aanval op die geliefde Swiegers-egpaar.

8 Volgens Sersant Barkhuizen is die twee mans vasgetrek net voordat hulle oor die grens wou vlug. Hulle sal volgens hom môre in die hof verskyn. Volgens meneer Kruger, die plaaslike magistraat, sal vonnisoplegging volgende week plaasvind.

**Nuusberig:** Gemeenskap geruk na plaasaanval

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **In watter uitgawe van die *Volksblad* verskyn hierdie nuusberig?** | /1 |
| **2** | **Wie is die verslaggewer van die bostaande nuusberig?** | /1 |
| **3** | **Watter inligting word reeds in die eerste paragraaf gegee?** | /4 |
| **4** | **Hoe hou die inhoud van paragrawe 1–6 verband met die inleidende paragraaf?** | /1 |
| **5** | **Waar het die bostaande gebeurtenis plaasgevind?** | /2 |
| **6** | **Waarom het meneer Swiegers sy bakkie se sleutel aan die gewapende mans oorhandig?** | /1 |
| **7** | **Wat verstaan jy onder “vonnisoplegging”?** | /1 |
| **8** | **Waarom sou jy sê dat die bostaande nuusberig nuuswaardig is?** | /2 |
| **9** | **Hoe hou die inhoud van die koerantberig verband met die opskrif?** | /1 |
| **10** | **Verskaf die rede waarom jy reken dat die verslaggewer van die bostaande nuusberig neutraal opgetree het.** | /1 |

**Totaal: 15** **/15**

**Bespreking:** Misdadigers en moordenaars het te veel regte

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud wat op feite gebaseer is: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorredende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, oogkontak en gesigsuitdrukkinge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 25** **/25**

**GROOT TOTAAL: 40÷2-20** **/20**

**Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip**

**1 Fabel:** Haas leer sy les

1 Haas het altyd vir die ander diere 'n poets gebak. Dit het hom baie genot verskaf om te sien hoe verleë hulle is as hulle besef dat hulle slegs vir die gek gehou is. Hiervan het Jakkals niks gehou nie. Gevolglik het hy besluit om vir Haas eens en vir altyd 'n les te leer. Hy het hom voorgeneem dat Haas nooit weer die voorreg sal hê om ander voor 'n groep diere te verkleineer of om vir hulle te lag nie.

2 Jakkals het besluit om 'n teermannetjie te bou langs die pad waarlangs Haas elke dag stap om wortels in Boer se tuin te gaan gaps. Hy het hierdie teermannetjie een nag rég onder 'n doringboom gebou. Nadat hy klaar was, het hy agter 'n bos, so 'n entjie van die doringboom af, gaan slaap. Hy wou elke oomblik beleef as Haas die teermannetjie die volgende oggend sou groet.

3 Vroeg die volgende oggend stap Haas al fluitend na Boer se groentetuin. Hy gewaar die teermannetjie en groet hom vriendelik, maar die teermannetjie groet hom nie terug nie. Haas het gereken dat die mannetjie seker doof is. Gevolglik het hy harder gepraat toe hy hom 'n tweede keer groet. Steeds onsuksesvol. Hy stap na die teermannetjie en steek sy hand uit om hom te groet. Toe die teermannetjie nie sy hand ook uitsteek nie, vererg Haas hom. Hy slaan die teermannetjie met 'n vuis, reg op sy mond. Maar o wee, hy kon dit nie terugtrek vir 'n tweede vuishou nie.

4 Jakkals kom agter die bos uit. Ewe onskuldig sê hy: "Nee Haas, haal jou voorpoot uit die mannetjie se mond. Hy het mos niks aan jou gedoen nie."

5 Ewe vererg antwoord Haas hom: "Dis juis waar jy verkeerd is. Ek het hom op sy mond geslaan en nou wil hy my nie los nie."

6 Jakkals begin lag. "Ek hoop jy het jou les geleer. Jy dink dat net jy poetse kan bak. Wel, vandag het ek en hierdie teermannetjie jou verkeerd bewys."

7 Ewe verleë vra Haas: "Asseblief, Jakkals, trek my hand uit hierdie teer. Ek belowe dat ek nooit weer 'n poets vir iemand sal bak nie."

8 Nadat Jakkals sy hand uit die teer getrek het, het hy 'n doring van die doringboom diep in die nat teer aan Haas se hand gesteek. Die doring wat in die nat teer vassit, sal hom herinner om nooit weer 'n poets vir iemand te bak nie.

**1.1 Oor watter onaanvaarbare karaktereienskappe het Haas beskik?** (2)
**1.2 Lees paragraaf 2–8. Dui die ruimte aan.** (2)
**1.3 Watter morele les leer ons uit hierdie fabel?** (1)
**1.4 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n fabel is.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**2** **Onderhoud:** Onderhoud met Paul, die swemmer wat deur ’n haai aangeval is

*Terwyl Piet na Paul wat op die bankie langs die swembad sit, stap, is die ander swemmers druk besig met hul oefenprogram.*

Piet: **Dankie dat jy ’n tydjie aan my kon afstaan. Ek sal graag jou storie in die *Huisgenoot* wil publiseer. Natuurlik net as dit jou goedkeuring wegdra.**

Paul: Ek sal graag my storie met ander swemmers wil deel. Veral aan hulle wat net soos ek ook ’n ledemaat verloor het. Hulle moet besef dat dit nie die einde van die wêreld is nie.

Piet: **Jy het drie jaar agtereenvolgend die goue medalje by die Olimpiese Spele verower. Dit moes seker vir jou ’n terugslag gewees het om nie weer aan die Olimpiese Spele te kan deelneem nie. Hoe verwerk jy dit?**

*Daar verskyn ’n glimlag om Paul se mondhoeke. Hy kyk vir Piet vierkantig in die oë.*

Paul: Ek verwerk dit verbasend goed. Ek gaan alles in my vermoë doen om daardie medalje die vierde keer huis toe te bring. Al verskil is dat ek hierdie keer aan die Paralimpiese Spele gaan deelneem. Maar ek gaan beslis weer kompeterend swem.

Piet: **Ek neem aan dat ’n mens beslis hulp en leiding moet kry om so positief te kan wees. Ek sal graag wil weet hoe jy dit regkry om so positief te bly.**

*Daar heers vir ’n oomblik ’n stilte. Kompleet of Paul sy woorde deeglik oorweeg, alvorens hy hierdie vraag beantwoord. Sy oë helder op.*

Paul: Wel, aanvanklik was ek skrikkerig om weer in die water te gaan. Ek was bang om weer daardie dag wat die haai my been afgebyt het, te herleef. Ek sal my ouers ewig dankbaar wees vir hul ondersteuning. In tye van moedeloosheid het hulle my altyd moed ingepraat. Hulle het ook die besluit of ek weer kompeterend wil swem of nie, aan my oorgelaat. ’n Vriend van my het egter my gehelp om my vrees vir water te oorwin. Hy het my geduldig geleer om weer selfvertroue op te bou. Hy het altyd gesê: “My maat, *baby steps*.” En dan natuurlik met die genade van die Here. Snaaks dat ek eers deur ’n haai aangeval moes word, alvorens ek besef dat alles wat ons het, net genade is. Ook dat ons vir alles dankie moet sê. Voor die aanval het ek alles net as vanselfsprekend aanvaar.

*Nadat Piet die swembad verlaat het, besef hy dat Paul nie slegs ’n goeie swemmer is nie, maar ook iemand wat hom nie maklik laat onderkry nie.*

**2.1** **In watter opsig kan ons sê dat die *eerste* <u>spreekbeurt</u> van Paul meer inligting rakende die <u>opskrif</u> vir ons gee?** (1)

**2.2** **Noem DRIE goeie <u>karaktereienskappe</u> van Paul.** (3)

**2.3** **Hoe weet ons dat hier ’n <u>onderhoud</u> gevoer word?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

## 3 **Boekresensie:** Wegloopwinter

*Tina Grové*

1 *Wegloopwinter* is 'n boek wat beslis deur elke leser gelees moet word. Dis nie 'n boek wat slegs fiksie is nie, maar dit het ook op die hedendaagse samelewing betrekking.

2 Die optrede van Miekel se stiefpa en die onderskeie emosies wat Miekel dan tydens hierdie voorvalle ervaar het, laat 'n mens 'n knop in die keel kry. Tydens terugblikke uit die verlede, word die chronologie van die verhaal verbreek. Dis juis hier waar Miekel dan weer onaangename emosies beleef en die gebeure ervaar.

3 Miekel is deur sy stiefpa mishandel. Gevolglik het hy die emosie van vrees vir sy stiefpa ervaar. As kind kon hy dit dan ook nooit verstaan waarom sy ma nie vir hom opgekom het nie. Die eerste tien jaar van sy lewe het soos een lang winter vir hom gevoel. Die onaanvaarbare optrede van sy stiefpa en die onbetrokkenheid van sy biologiese ma het verskeie negatiewe emosies tot gevolg gehad. So het hy die emosies van vrees, woede, verwerping en minderwaardigheid beleef. Tot daardie dag wat hy vasberade was om hierdie "winter" in sy lewe vaarwel te roep.

4 Dis eers toe hy op tienjarige ouderdom weggeloop het, wat dit vir hom gevoel het of sy "somer" ook eindelik aangebreek het. As straatkind moes hy ook verskeie gevare trotseer. 'n Beskrywing van hierdie gevare, hoe hy dit hanteer het en die gevolge wat dit vir Miekel ingehou het, hou die aandag van die leser gevange. Kosbare vriendskapsbande, wat die gevoel van aanvaarding tot gevolg het, is hier aangeknoop. Dit het vir hom kompleet gevoel of sy ma hom altyd verwerp en in die steek gelaat het. Vir die eerste keer het hy nie gedurig in vrees vir sy stiefpa geleef nie.

5 Daardie dag toe hy die winkeltrollie vir 'n welgestelde vrou na haar motor gestoot het, het sy lewe heeltemal verander. Sy het hom elke naweek genooi om by hulle familie aan te sluit. Dis dan ook hier waar hy vir die eerste keer met 'n mallemeule en 'n sirkus kennis gemaak het.

**3.1 Hoe weet ons dat die resensent *Wegloopwinter* hoog aanbeveel?** (1)

**3.2 Waarom sou jy sê het Miekel by die *terugflitse* uit sy verlede weer onaangename emosies ervaar?** (2)

**3.3 Waarom sou jy sê dat *Wegloopwinter* 'n boek is wat ook betrekking op die samelewing kan hê?** (1)

**3.4 Hoe hou paragraaf 3 verband met die titel?** (1)

**3.5 Waarom sou jy sê dat hier karakterontwikkeling by Miekel plaasvind?** (2)

**Totaal: 7** **/7**

**4** **Drama:** Koos Horrelpoot en die boelies

*Ma kom met 'n koppie koffie die kamer binne. Koos is nog in droomland. Hy het nog tot laat gisteraand gehuil. Hy kan mos nie help as sy een been langer as die ander een is nie. Dit gee die boelies geensins die reg om hom "Horrelpoot" te noem nie.*

Ma: Koos, ek het vir jou koffie gemaak. Jy moet opstaan en gereedmaak vir skool.

Koos: *(nog half deur die slaap)* Ma, kan ek nie maar net één dag by die huis bly nie? Ek wil net één dag nie aan my gebrek herinner word nie.

Ma: *(met deernis)* Seun, moenie kwaad word as hulle vir jou spot nie. Hulle verlekker hulle daarin as jy kwaad word.

Koos: *(half opstandig)* Ma weet nie hoe dit is om elke dag gespot te word nie. Gun my net een dag waar ek daardie aaklige woord nie hoef te hoor nie.

Ma: *(vasbeslote)* Nee, jy gaan skool toe. Hou jou kop omhoog en wys hulle dat dit jou nie pla as hulle jou spot nie. Al sny daardie woorde soos 'n swaard deur jou hart.

*Koos staan teësinnig op en trek hom aan. Hy groet sy ma en stap bushalte toe.*

Nel: *(uittartend)* Ou Horrelpoot, ek sien al hoe jy in die bus klim. Eers die lang been en dan die kort been!

*Koos volg sy ma se raad. Hy word nie kwaad soos in die verlede nie. Inteendeel, hy glimlag en groet vir Nel vriendelik. Sowaar! Sy ma se raad werk! Die boelies kon nie verstaan waarom hy nie vandag kwaad word nie. By die skool het hulle hom selfs gehelp om van die bus af te klim.*

Koos: *(opgewonde)* Ma sal my nie glo nie! Nie slegs het die boelies my vandag nie aanmekaar gespot oor my gebrek nie, maar hulle het selfs my by hul vriendekring ingetrek. Hulle het my vandag ook nie "Horrelpoot" genoem nie.

Ma: Wat het ek vir jou gesê? Moet nou net nie jou ander vriende opsy skuif nie. Onthou, hulle het jou altyd teen die boelies verdedig.

**4.1** **Hoe hou die <u>inleiding</u> verband met die <u>titel</u>?** (1)

**4.2** **Hoe weet ons dat Koos nog geslaap het toe sy ma met 'n koppie koffie sy kamer binnegekom het?** (1)

**4.3** **Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat daarop dui dat Koos nog nie heeltemal wakker was toe sy ma vir hom 'n koppie koffie bring nie.** (1)

**4.4** **Hoe <u>verskil</u> Koos se <u>gemoedstoestand</u> wat hy tydens die *inleiding* ervaar met dié wat hy tydens sy *laaste spreekbeurt* ervaar het?** (2)

**4.5** **Watter <u>voordelige gevolge</u> het dit vir Koos ingehou, aangesien hy nie soos gewoonlik kwaad geword het vir die boelies nie?** (2)

**Totaal: 7** **/7**

## 5 Gedigte

**5.1 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die onderstaande versreëls uit "Ou oom" aan?**

"Met sy brilglas opgestoot onder
die witslip van sy haar,
op sy voorkop dor en tenger,
fyn bloupers beaar" *W.E.G. Louw*

**5.2 Op grond waarvan word die "volle-maan" vergelyk met die vet, ronde wange van 'n ou man se gesig in die onderstaande strofe uit "Die houtryer in die maan"?**

"Die volle-maan elke aand
lyk soos 'n goue pond,
of soos 'n ou man se gesig,
met wange vet en rond." *Helena J.F. Lochner*

**5.3 Waarna verwys haar fyn spore in die onderstaande strofe uit "Die dans van die reën"?**

"Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien." *Eugène Marais*

**5.4 Wat beteken die onderstreepte nuwe woordskepping in die onderstaande strofe uit "Wond"?**

"mens draai die verbande om,
hou jou doof, swyg jou stom" *Lina Spies*

**5.5 Dui die versreël in die onderstaande strofe uit "Brei" aan waar ons klanknabootsing aantref.**

"Ou tant Klara en tant Siena
sit en brei en brei,
van soggens vroeg tot, o so laat;
om die kers wat flikker-flikker
gaan die naalde klakker-klikker-
brei en brei en brei." *Elsa Niemeyer*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Vraestel 2 Afdeling B Taal**

**1 *Advertensie:* *Ben Coetzee-dienste***

Het jy dalk ’n blaaskans nodig? Ben Coetzee-dienste is perfek vir jou. Geen bekommernis oor jou tuin, huis en troeteldiere nie. Geen verlepte plante en lang gras wat vir jou inwag met jou terugkoms nie. Liefhebbers van diere hoef ook nie bekommerd oor hul diere te wees nie. Vir Ben Coetzee-dienste is elke dier ’n kind. ’n Bederfie sal daagliks aan jou troeteldier gegee word.

**1.1 Gee die *betekenis* vir die onderstreepte uitdrukking in reël 1.** (1)
**1.2 Skryf die swak verlede deelwoord in reël 2 neer.** (1)
**1.3 Vorm ’n afgeleide persoonsnaam van die onderstreepte woorde in reël 3.** (1)
**1.4 Skryf die voorwerp in reël 4 neer.** (1)
**1.5 Skryf die onderstreepte sin in reël 5 in die bedrywende vorm.** (1)

**2 *Biografie: Biografie van Elaine Burger, die Springbok-hokkiespeelster***

Elaine Burger is in 1996 gebore. Sy het haar pa reeds op vroeë ouderdom verloor. Sy het altyd gesê dat dit een van die hartseerste oomblikke in haar lewe was.

Gedurende haar hoërskoolloopbaan het sy in die koshuis gebly. Sy was gewild onder die ander meisies. Sy het nie slegs goed in haar skoolwerk gevaar nie, maar het ook in sport uitgeblink. Dis dan hier waar sy ’n liefde vir hokkie ontwikkel het. Min het sy geweet dat sy eendag vir die Springbok-hokkiespan op die veld sou draf! Sy was baie opgewonde toe sy vir die span gekies is. Sy het vir haar ’n hokkiestok wat nuut is, gekoop.

**2.1 Brei die onderstreepte sin in reël 1 uit met ’n bywoordelike sinsnede van plek.** (1)
**2.2 Skryf die onderstreepte sin in reëls 2 & 3 in die direkte rede.** (1)
**2.3 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 6 neer.** (1)
**2.4 Skryf die onderstreepte sin in reëls 6 & 7 oor as ’n vraagsin.** (1)
**2.5 Skryf die sterk verlede deelwoord in reël 8 neer.** (1)
**2.6 Skryf reël 9 oor, maar vervang die onderstreepte *byvoeglike bysin* met ’n attributiewe byvoeglike naamwoord.** (1)

**3 Verslag: Goeie menseverhoudinge**

Daar is bevind dat goeie menseverhoudinge met die werknemer beter resultate tot gevolg het. Almal sal hiermee saamstem.
Werknemers moet hulle beste lewer om goed behandel te word.

**3.1 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**3.2 Skryf die onderstreepte sin in reël 2 in die ontkennende vorm.** (1)
**3.3 Dui die onbepaalde voornaamwoord in reël 2 aan.** (1)
**3.4 Skryf reël 3 oor in die toekomende tyd.** (1)

**/15**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf 'n <u>verhalende opstel</u> van 140–150 woorde oor EEN van die volgende.**

Hoe my foto in die koerant verskyn het. / Ek kom my moses teë. / Alles loop skeef.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorspronklik en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanloop tot klimaks, klimaks en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>beskrywende opstel</u> van 140–150 woorde oor EEN van die volgende.**

Die kluisenaar. / Die toeskouers by 'n rugbywedstryd. / Ek blaai deur my foto-album.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant, en inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywing, idiome, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, skryfstyl en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n <u>vriendskaplike brief</u> van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.**

Vertel jou vriend meer van die ontgroening / die koshuislewe / hoe jy betrap word. / Vertel 'n vriend van jou ondervinding met 'n inbreker.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorspronklik, gebeure en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanspreekvorm, taalgebruik en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>dagboekinskrywing</u> van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.**

'n Week in die lewe van 'n blommeverkoopster / 'n boemelaar.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorspronklik, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, stemming en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

Die plaasaanval **Memorandum**

1 In die uitgawe van 10 Mei 2024.
2 Die verslaggewer is Pieter Swanepoel.

3 Die Swiegers-egpaar ✔is gistermiddag, omstreeks 17:00, ✔op hul familieplaas, Rooi Koppies, in die distrik van Bultfontein ✔ deur twee gewapende mans aangeval. ✔

**Of**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wie is aangeval? | - Die Swiegers-egpaar is aangeval. |
| 3.2 | Wanneer is hulle aangeval? | - Hulle is gistermiddag, omstreeks 17:00, aangeval. |
| 3.3 | Waar is die Swiegers-egpaar aangeval? | - Hulle is op die familieplaas, Rooi Koppies, in die Bultfontein-distrik aangeval. |
| 3.4 | Deur wie is die Swiegers-egpaar aangeval? | - Hulle is deur twee gewapende mans aangeval. |

4 Die ***inhoud*** van paragrawe 1–6 is slegs 'n uitbreiding van die beknopte ***inleidende paragraaf***. /
Die ***inleidende paragraaf*** word breedvoerig in ***paragrawe 1–6*** bespreek. /
Terwyl daar slegs van die aanval op die Swiegers-egpaar in die ***inleidende* paragraaf** melding gemaak word, word hierdie aanval breedvoerig ***in paragrawe 1–6*** bespreek.
5 Dit het op die familieplaas, Rooi Koppies ✔**,** in die Bultfontein-distrik ✔ plaasgevind.
6 Hy was bang dat hulle hom sou skiet as hy nie die sleutel sou oorhandig nie.
7 Die straf wat die gewapende mans opgelê sal word.
8 Inligting ✔ word gegee wat op feite ✔ gebaseer is. /
Die inligting ✔ rakende die aanval is op feite ✔ gebaseer.

**Of**

8.1 Nuuswaardige inligting word gegee.
8.2 Inligting is op feite gebaseer.

9 In die *inhoud* word breedvoerig vertel wat gebeur het wat die Bultfontein-gemeenskap geruk het.
10 Hy het nie sy eie mening gegee of op feite uitgebrei nie, maar hom slegs tot die feite bepaal.

**1** **Fabel:** Haas leer sy les

1.1 Hy het party diere voor ander diere verkleineer ✔ en hulle dan (uit-) gelag ✔.

**Of**

Dit het vir Haas genot verskaf as hy sien hoe verleë die diere was ✔ as hulle besef dat hulle net vir die gek gehou is.✔

1.2 Reg onder die doringboom ✔ langs die pad waarlangs Haas altyd geloop het. ✔

1.3.1 Ons moet iemand nooit (voor 'n groep mense) verkleineer nie.
1.3.2 Ons moet iemand nooit uitlag nie.
1.3.3 Ons moet iemand nooit vir die gek hou nie. **(slegs EEN)**

1.4.1 Diere tree as karakters op.
1.4.2 Diere kan praat.
1.4.3 'n Morele les word hier geleer.
1.4.4 Dierekarakters beskik oor karaktereienskappe.
1.4.5 Karakterontwikkeling word hier aangetref. **(slegs EEN)**

**2** **Onderhoud:** Die onderhoud met Paul, die swemmer wat deur 'n haai aangeval is

2.1 Paul het een van sy ledemate tydens 'n haai-aanval verloor.
2.2 Die karaktereienskappe van vasberadenheid✔, erkentlikheid ✔ en dankbaarheid. ✔
2.3 Hier word *vrae* gevra en beantwoord.

**3** **Boekresensie:** Wegloopwinter

3.1 Sy reken dat dit 'n boek is wat beslis deur elke leser gelees moet word.
3.2 Hy beleef weer die tye wat hy deur sy stiefpa mishandel word ✔en waar dit vir hom gevoel het sy ma verwerp hom, aangesien sy nie vir hom opkom nie. ✔
3.3 Ons mense kan *dieselfde* emosies as Miekel ervaar.
3.4 Hier word aangedui hoe Miekel die onaangename omstandighede waaronder hy hom bevind het, verlaat. /
Hier word aangedui hoe Miekel die "winter" wat deur onaangename gebeure veroorsaak word en gevolglik onaangename emosies tot gevolg het, verlaat.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat verband hou met die aansluiting van paragraaf 3 by die titel)**

3.5.1 Hy het nie meer gedurig in vrees gelewe dat hy mishandel kan word nie. ✔
3.5.2 Vir die eerste keer het dit vir hom gevoel of hy onvoorwaardelik aanvaar word. ✔

**4 Drama:** Koos Horrelpoot en die boelies

4.1 Die boelies spot vir Koos, aangesien sy een been langer as die ander een is. / Die boelies noem vir Koos "Koos Horrelpoot", aangesien sy een been langer as die ander een is.

4.2 Koos was nog in droomland.

4.3 Koos: *(nog half deur die slaap)* Ma, kan ek nie maar net één dag by die huis bly nie?

4.4 Tydens die ***inleiding*** was hy hartseer, ✔ terwyl hy tydens sy ***laaste spreekbeurt*** opgewonde / opgewek ✔ was.

4.5.1 Hulle het hom nie gespot nie. ✔

4.5.2 Hulle het hom selfs by hul vriendekring ingetrek. ✔

**5 Gedigte**

5.1 Ou oom
Ons tref die metafoor hier aan.

5.2 Die houtryer in die maan
Op grond van sy voorkoms /
Die volmaan is net so vet en rond soos die wange van 'n ou oom.

5.3 Die dans van die reën
Dit verwys na die fyn reëndruppels op die sand.

5.4 Wond
Dit beteken om stil te bly.

5.5 Brei
"Ou tant Klara en tant Siena
sit en brei en brei,
van soggens vroeg tot, o so laat;
om die kers wat flikker-flikker
gaan die naalde klakker-klikker-
brei en brei en brei."

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Memorandum**

**1 Advertensie:** Ben Coetzee-dienste

1.1 Om met vakansie te gaan en 'n rukkie te rus. /
Om vir die naweek weg te breek en 'n bietjie te rus.
**(enige aanvaarbare antwoord wat daarop dui dat jy iewers heen wil gaan om te rus)**

1.2 Geen verlepte plante wat jou inwag nie.
1.3 Diereliefhebbers hoef ook nie bekommerd oor hul diere te wees nie.
1.4 Diereliefhebbers hoef ook nie bekommerd oor hul diere te wees nie.
1.5 Ons sal daagliks 'n bederfie aan jou troeteldier gee.

**2 Biografie:** Die biografie van Elaine Burger, die Springbok-hokkiespeelster

2.1 Elaine Burger is in 1996 in 'n klein dorpie gebore.
**(enige aanvaarbare sinsnede wat plek aandui)**

2.2 Sy het altyd gesê: "Dit was een van die hartseerste oomblikke in my lewe."
2.3 Dis dan hier waar sy 'n liefde vir hokkie ontwikkel het.
2.4 Is dit dan hier waar sy 'n liefde vir hokkie ontwikkel het?
2.5 Sy was baie opgewonde toe sy vir die span gekies is.
2.6 Sy het vir haar 'n nuwe hokkiestok gekoop.

**3 Verslag:** Goeie menseverhoudinge

3.1

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| goed | beter | beste |

3.2 Niemand sal hiermee saamstem nie. / Nie álmal sal hiermee saamstem nie.
3.3 Almal sal hiermee saamstem.
3.4 Werknemers sal hul beste moet lewer om goed behandel te word.

**Naslaanbronne** **November 2024**

**Kortverhaal:** Vriendskap is sterker as wrede woorde *Eugene van der Westhuizen*

**Nuusberig:** Gemeenskap geruk na plaasaanval *Eugene van der Westhuizen*

**Fabel:** Haas leer sy les
Aangepas uit: *Brer Rabbit and the Tar Baby*
*Platinum English Home Language* *Maskew Miller Longman (Pty) Ltd, 2012*
*A Georgia folktale*
Saamgestel deur: *B. White Philips*

**Onderhoud:** Onderhoud met Paul, die swemmer wat deur 'n haai aangeval is
*Eugene van der Westhuizen*

**Boekresensie:** Wegloopwinter *Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Koos Horrelpoot en die boelies *Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

Ou oom *W.E.G. Louw*
*Versamelde Gedigte, W.E.G Louw* *Tafelberg-Uitgewers Beperk,1973*

Die houtryer en die maan *Helena J.F. Lochner*
*Klein Verseboek* *Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

Die dans van die reën *Eugene Marais*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*

Wond *Lina Spies*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*

Brei *Elsa Niemeyer*
*Klein verseboek* *Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

**Advertensie:** Ben Coetzee-dienste *Eugene van der Westhuizen*

**Biografie:** Biografie van Elaine Burger, die Springbok-hokkiespeelster
*Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Goeie menseverhoudinge *Eugene van der Westhuizen*